# Kleinmond

## Natuurbewaringsvereniging
## Nature Conservation Society

NPO 005-622 PBO 930013742 kleinmondnbv@gmail.com

## Algemene Jaarvergadering

23 Mei 2024 om 18:30 in die Gereformeerde Kerk,
hoek van 6de Straat en 13de Laan, Kleinmond

## Notule

Registrasie en verversings

Presensielys by die deure

### 1. Verwelkoming

Carl Swart verwelkom almal en Jan Momsen doen ’n gebed.

### 2. Bekendstelling van spreker

Ebraime Hull stel Peter Slingsby voor. Hy sê onder meer dat hy as seun aan Peter Slingsby se EKKO-groep behoort het en dat hy daar alles geleer het omtrent die natuur en oorlewing in die natuur wat hy vandag weet en doen.

### 3. Gasspreker Peter Slingsby

Peter Slingsby, welbekend as kartograaf, natuurliefhebber en skrywer, deel een en ander mee oor sy verbintenis met Kleinmond en daarmee saam oor natuurbewaring in die sewentigs en tagtigs van die vorige eeu. Daar was destyds, net soos vandag, dikwels konflik tussen die belange van natuurbewaarders en ekonomiese belange, plaaslike administrasie en stropers.

Uit sy aanbieding blyk dit ook dat Peter ’n groot rol gespeel het in die verklaring van die Kleinmond Kus en Berg natuurreservaat wat feitlik reg rondom Kleinmond strek en in die taak om die area toeganklik vir die algemene publiek te maak. Verder was hy intens betrokke by die terugbring van die natuurlike plantegroei en rehabilitasie van groot gebiede in die reservaat.

Peter het in die volgende geslag belê met sy EKKO-programme vir skoolkinders. Baie van die kinders wat deur sy hande is, speel vandag leiersrolle in natuurbewaring en elders.

### 4. Bedanking van spreker

Botha Maree bedank Peter Slingsby en sê dat die uitdrukking “Cometh the hour, cometh the man” by uitstek op hom van toepassing is. Hy bedank hom vir sy aanbieding sowel as vir sy groot bydrae tot natuurbewaring in die Kleinmond-omgewing.

Carl Swart gee erkenning aan Peter Slingsby met die oorhandiging van ’n oorkonde.

Carl Swart gee ook erkenning aan plaaslike veearts dr Peter Dave met die oorhandiging van 'n oorkonde.

Peter Muller beklemtoon die belangrikheid van die nuwe geslag vir natuurbewaring in die toekoms en doen 'n beroep dat die werk van die EKKO-groep vir jongmense sal voortgaan.

## 5. Konstituering van die vergadering

Daar is 93 persone, waarvan 42 lede is, teenwoordig. Carl Swart verklaar die vergadering as wettig gekonstitueerd. Die presensielys is op rekord.

## 6. Notule van die 2023 AJV

Die notule is vooraf aan al die lede per e-pos gestuur. Dit word goedgekeur op voorstel van Botha Maree, gesekondeer deur Carin Malan.

## 7. Voorsittersverslag

Die jaarverslag word aan die hand van 'n elektroniese aanbieding aan die vergadering voorgelê.

Die volgende persone doen elk 'n deel van die aanbieding:

- Carl Swart (komitee en lidmaatskap)
- Gerrit van den Dool (stapklub en staproetes)
- Carin Malan (voëlkykaktiwiteite)
- Vic Brink (blomuitstallings, Mimetespark, kapgroepaktiwiteite, Kogelberg Biosfeer se kapspan, media, Bioblitz)
- Botha Maree (BREF, die rol van die Kleinmond -strandmeer, watergesondheidsmeting, die proses om Kleinmond lagoon as Ramsar-vleiland verklaar te kry, sake rakende se OM Wyks 9-komitee, Kogelberg Biosfeer)
- Jan Momsen (Eko-bediening, skoonmaakaktiwiteite)

Carl Swart bedank al die vrywilligers wat die werk van KNBV moontlik maak, die donateurs en in die besonder vir Leon Louw en Gerhard Booysen wat na lang diens in die komitee, uitgetree het.

Die jaarverslag word goedgekeur.

## 8. Finansiële verslag, voorgestelde begroting en aanstelling van ouditeure

Justin van den Hoven lê die finansiële verslag vir die jaar geëindig op 31 Maart 2024 aan die vergadering voor. Dit word goedgekeur. Die geouditeerde finansiële state is op aanvraag beskikbaar.

Justin van den Hoven lê die begroting vir die jaar 2024/5 aan die vergadering voor. Dit word goedgekeur.

Pragma Konsult se aanstelling as ouditeure word goedgekeur.

## 9. Verkiesing van komitee

Die volgende persone het almal hulle nominasies aanvaar en word tot die komitee herkies:

- Carl Swart
- Vic Brink
- Thea Brink
- Mariaan Guest

- Carin Malan
- Botha Maree
- Gerrit van den Dool
- Justin van den Hoven

## 10. Verkiesing van voorsitter en ondervoorsitter

Carl Swart word eenparig as voorsitter herkies.

Vic Brink word eenparig as onder-voorsitter herkies.

## 11. Afsluiting

Die vergadering verdaag om 21.15.

| | |
|---|---|
| ................................................ | ........................................... |
| **Carl Swart** | **Thea Brink** |
| Voorsitter | Sekretaris |